



ELZETTE MINNAAR TOERE

Tel 012 546 0770

Tel 012 565 4883

Sel 082 761 7115

Faks 086 628 6146

info@minnaartoere.co.za

www.minnaartoere.co.za

KAAPSTAD EN PREMIER CLASSE 15 – 22 APRIL 2020



Op sy vaart om die wêreld, in die sestende eeu, het Sir Francis Drake in sy dagboek onder meer van die Kaap geskryf: "A most stately thing, and the fairest Cape we saw in the whole circumference of the earth". Kaapstad, die oudste stad in Suid-Afrika, word ook "Die Moederstad" genoem. Vir eeue lank al word die skoonheid van Kaapstad en die Kaapse Skiereiland besing.



WO 15 APR

Ons reis begin met 'n vlug na Kaapstad. Ons vertrek vanaf die Garden Court Hotel in Hatfield en reis na **Lanseria Lughawe** waar ons vertrek na Kaapstad. In **Kaapstad** besoek ons **Kirstenbosch** en bewonder hierdie uitstaande **botaniese tuin** met sy bome en groen grasperke, voorwaar 'n lushof! **Kirstenbosch is sowat 560 ha groot** en daar is meer as 6000 boom- en plantspesies aangeplant. Die tuin is vernoem na **JF Kirsten** wat een van die eerste huise op die landgoed gebou het. Die boomslangroete is 'n plankvoetpad hoog bokant die bome met mooi uitsigte oor die tuin. In die middag bring ons 'n besoek aan die **Groote Schuur Hospitaal** waar ons 'n begeleide toer doen deur die **Chris Barnard Museum**. Daarna arriveer ons by ons oornagpunt en ontspan heerlik tot aandete. **Aandete en oornag Kaapstad.**



Do 16 APR

Ons reis vanoggend na **Kaappunt**. Die twee oseane, soos baie mense nog steeds glo, kom nie hier bymekaar nie maar wel by Kaap Agulhas. Die bobbejane wat by **Kaappunt** aangetref word, is uniek in die sin dat hulle die enigste **bobbejane** in die wêreld is wat hul kos uit die see kry! Na 'n wonderlike dag keer ons terug na ons oornagpunt. **Aandete en oornag Kaapstad.**



Vr 17 APR

Vandag besoek ons **Tafelberg**. Hierdie wêrelderfenis gebied is een van die nuwe **Sewe Natuur Wonders van die wêreld** en die berg is reeds **350 miljoen jaar oud**. Die nuwe **kabelkarprojek het R80 miljoen** gekos en is in **1997** voltooi. Dit neem ongeveer 5 min om 65 passasiers na bo te neem. Die vloer van die kabelkar roteer terwyl dit na bo reis. Ons verwyd ons tyd op die berg, stap die sirkelroete en kyk na al die pragtige uitsigte vanaf die uitkykpunte. Ons besoek ook die **Two Oceans Akwarium** van wêreldklas gehalte. Miljoene liter seewater word op 'n daaglikse basis hier ingepomp wat die tuiste van see kreature, groot en klein, is. In die namiddag geniet ons die **Waterfront met sy werkende hawe**. Ons besoek die **brug** en sien hoe skuif dit weg wanneer daar bote inkom. Dit is 'n besoekpunt met 'n eiesoortige atmosfeer.





Soms staan jy verstom oor 'n jong man wat soos 'n wafferse operaster sy gehoor, onder 'n boom op 'n krat, aan sy voete het. Orals maak mense musiek en die talle restaurante word goed ondersteun. **Gaan sit vir 'n oomblik op 'n bankie**, kyk uit oor die water en beleef die dinge wat rondom jou gebeur! Indien u belangstel in 'n opsionele **begeleide toer na Robben Eiland**, kan ons dit vir u reël. **Aandete en oornag Kaapstad.**



Sa 18 APR

Vandag vat ons die pad na Franschhoek en ons besoek die statige **Hugeneote Monument** en Museum waar u u familiegeskiedenis kan gaan navors. Ons maak 'n draai in die dorp en besoek die belgiese sjokolade winkel. Hierna ry ons in die rigting van die **Paarl** en besoek die **Taalmonument** wat op 'n koppie lê en ons proe wyn by **Simonsvlei**. Ons besoek ook Fairview Kaas. Ons keer terug na **Kaapstad** na 'n heerlike dag. **Aandete en oornag Kaapstad.**



So 19 APR

Vandag neem ons die kusp pad deur Seepunt, Kampsbaai, Llandudno na **Houtbaai** waar ons op 'n boot klim na **Duiker Eiland** waar duisende **Kaapse Pelsrobbe** leef. Terug by **Houtbaai** nuttig ons 'n heerlike middagete van vis of kalamari met skyfies (eie koste). Volgens ons is dit die beste in die land! Ons besoek **Mineral World**, 'n wonderwêreld van half edelgesteentes en juwele. Hier kan mens na hartelus 'n aandenking koop. Dis goeie waarde vir geld en billike pryse. Ons sien ook die beroemde "Just Nuisance" se standbeeld by Vishoek. **Aandete en oornag Kaapstad.**



Ma 20 APR

Vandag verken ons die **Moederstad**. Ons bring 'n besoek aan die **Groote Kerk** waar 'n gids vir ons meer vertel van die geskiedenis van die Kerk. Ons besoek die **blommemark** en die **St Georges Katedraal** met sy pragtige roosvensters. Ons stap deur die **Kompanjiestuine** en besigtig die statige geboue. Ons besoek ook die Planetarium indien daar 'n vertoning is. **Aandete en oornag Kaapstad.**



Di 21 APR

Na ontbyt vertrek ons na **Kaapstadstasie** vir ons terugreis na Johannesburg. **Die Premier Classe trein** waar slegs twee persone in 'n kompartement of slegs 1 in 'n koepee tuisgaan is baie gemaklik en die etes heerlik! U kan heerlik rus en ontspan en die landskappe, wat verbyskuif, en wat kort-kort verander, geniet. **Aandete en oornag op die Premier Classe trein.**

Wo 22 APR

Ons arriveer in Johannesburg om ongeveer 11:30 en keer per bus terug na Pretoria waar ons om ongeveer 12:30nm by die Garden Court Hotel sal arriveer.



"Life is not measured by the number of breaths we take, but by the moments that take our breath away."

KAAPSTAD EN PREMIER CLASSE			15 – 22 APRIL 2020	
Deposito	Prys	Enkelbybetaling	Vertrek om	Opklimpunt
R2 000	R13595	R2820	Tyd sal bevestig word	Garden Court Hotel
Bankbesonderhede		<ul style="list-style-type: none"> • Naam van rek: AMT • Bank FNB Rek nr 626 168 615 07 • Takkode 254005 		
Verwysingsnommer		Gebruik asb die volgende verwysingsnommer: PRE gevolg deur u van [bv PREFouche]		
Kontant inbetalings		<ul style="list-style-type: none"> • Geen kontant inbetalings word aanvaar nie. • Maak asseblief gebruik van bank- of internet oorplasing • EPOS OF FAKS ASB DIE INBETALINGSTROKIE NA 086 628 6146 MET U NAAM, VAN EN TOER WAARVOOR U DIE INBETALING GEDOEN HET. 		
Deposito		<ul style="list-style-type: none"> • Deposito van R2000 betaalbaar met bespreking. • Die balans is betaalbaar 45 dae voor die toer se vertrekdatum. 		
Toerprys sluit in		<ul style="list-style-type: none"> • Vlug na Kaapstad • Luukse bus in Kaapstad • Premier Classe trein vanaf Kaapstad na Johannesburg • Goeie verblyf in Kaapstad • Twee etes daaglik - ontbyt en aandete • Toegangsgelde soos aangedui op program • Vervoer vanaf Garden Court Hotel na Lughawe op eerste dag asook vervoer vanaf die Johannesburg Stasie na Garden Court Hotel. 		
Toerprys sluit uit		<ul style="list-style-type: none"> • Uitgawes van persoonlike aard • Middagetes • R80 pp footjie vir gidse & bagasiehantering tydens die toer • R80 pp bydrae vir busbestuurder 		
Belangrik		<ul style="list-style-type: none"> • Alle roetes, toerpryse en datums van toere en uitstappies is onderhewig aan verandering. 		

Hoop ons sien u op die toer!

Vriendelike groete, Elzette Minnaar Toere